

6 Augustus

Efesiërs 1:1-14

(Teks: 1:4a)

Is God regverdig in sy uitverkiesing?

"So het Hy, nog voordat die wêreld geskep is, ons in Christus uitverkies..."

Daar is mense wat sê: As God jou uitkies voordat die wêreld geskep is, kan Hy jou ook verwerp voordat die wêreld geskep is.

God verwerp jou dan by voorbaat.

Dus: jy het geen enkele kans nie. Is dit regverdig?

Daar kan mos geen verkiesing wees sonder 'n verwerping nie.

Die verwerping staan logies as 'n noodwendige negatief teenoor die verkiesing as positief.

Hierdie redenasie gaan egter glad nie op nie.

Daar is nie so iets soos verwerping - in - Christus wat noodwendig en logies teenoor die verkiesing - in - Christus (Ef. 1:4) staan nie.

Dit tref ons nêrens in die Bybel aan nie.

Daar is wél so iets soos verwerping, maar dit lê op 'n totaal ander vlak.

Lees maar wat die Nederlandse Geloofsbelydenis in Art. 6 van die verwerping sê.

God betoon hom soos wat Hy is naamlik barmhartig en regverdig. God is barmhartig, aangesien Hy dié wat Hy in Christus uitverkies het, uit die verderf trek en verlos. Regverdig deurdag Hy die ander in hulle val en verderf laat bly *waarin hulle hulleself gewerp het*.

"In Christus uitverkies" staan hier teenoor "hulleself in die verderf werp".

Louter genade teenoor louter skuld.

Vir hierdie skuld is die mens alleen te blameer, nie God nie.

God verwerp dus niemand by voorbaat nie.

Hoe sou jy dit dan ook kon rym dat God sy Woord uitstuur na alle mense? (Rom. 10:12-15).

Nee, vir my as Christen bied die uitverkiesing veel meer dié blye troos en geloofsekerheid:

"na die besluit uit Hom gebore
en ewig in Sy wese vas,
het Hy in Christus ons verkore
voordat daar tyd of wêreld was."

Sing Skrifberyming 24:1

Dr. A.N. Helberg (Dordrecht)